

Perlemoen ter waarde van R1.6 miljoen gekonfiskeer

Tshwane, 15 Oktober 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se doeane-afdeling het by die Lebombo grenspos beslaggelê op gedroogde perlemoen ter waarde van R1.6 miljoen wat in die sleepwa van 'n taxi versteek was. Die voorneme was om die perlemoen onwettig na Suid-Afrika in te voer vanuit Mosambiek. Die perlemoen was in 21 bokse verpak en het 460 kg geweeg.

Die drywer van die taxi is tans in aanhouding by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die perlemoen is aan die polisie oorhandig vir verdere ondersoek. Sodra die ondersoek afgehandel is, sal die SAPD die voertuig aan SARS oorhandig vir verdere doeane-prosedures.

SARS kommissaris Edward Kieswetter het die doeane-beamptes geloof vir hul oplettendheid en toewyding aan die deurvoer van die SARS-mandaat om onwettige handeldryf te beveg, welke in die vorm van invoere of uitvoere.

"Ons doeane-beamptes is daartoe verbind om dit moeilik en duur te maak vir smokkelaars en om Suid-Afrika se ekonomie te beskerm. Enige poging om ons land as wegspring vir onwettige bedrywighede te gebruik, sal ten sterkste teëgesit word. In hierdie geval het die beamptes hul toegewydheid gedemonstreer in die voorkoming van onwettige handeldryf in beskermdede en bedreigde spesies," het die kommissaris gesê.

Verwys na aangehegde foto.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.